Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, October 07, 2021
Page: 29

Praat oor die dood

Mense skrum weg wanneer hulle die werklikheid in die oë moet kyk.

Baie mense besef hul sake is nie reg nie en wil nie hê dat hul gesin van die wanorde moet weet nie. Hierdie kultuur van "wegsteek" moet verander. Mense behoort meer openlik hieroor te praat in 'n poging om raad te kry by ander ná die dood van 'n geliefde.

Tydens 'n Sondagmiddagteedrink-kuier of by die Saterdagaandbraai, waar almal teenwoordig is (man, vrou en kinders), moet die geselskap die volgende wending neem waar almal begin dink aan die gevolge van die dood en iemand moet vra:

1 Wat gebeur as Piet môre doodgaan en is julle sake in orde? (Aan Piet se vrou, voor almal.) Sy gaan waarskynlik antwoord: "Ek wil nie daaraan dink nie en kom ons praat oor iets anders." Wel, dring daarop aan om 'n aanvaarbare antwoord te kry. Almal se koppe gaan na Piet draai.

2 Het julle al gedink wat 'n mens met die lyk doen en wie jy bel as iemand tuis sterf, want dit is 'n saak vir die polisie. En mag 'n mens self 'n lyk vervoer van Koekenaap na die Kaap? 'n Mens behoort 'n permit te kry of 'n begrafnisondernemer te betaal.

3 'n Onnatuurlike dood verg 'n nadoodse ondersoek. Dit kan 'n tyd duur voor die begrafnis gehou kan word.

4 Het julle 'n begrafnispolis en begrafnisondernemer? Dit is twee verskillende dinge. Die polis kan by 'n versekeringsmaatskappy wees, wat nie lyke versorg nie.

5 Die begrafnis word by die kerk gehou, maar het julle besluit oor verassing of teraardebestelling of om organe te skenk of om 'n kadawer te wees en hoe reël 'n mens dit? Almal behoort te weet.

6 Wie gaan die opdrag gee aan die dokter in die geval as geliefdes die masjiene moet afskakel as jy breindood verklaar is? Dit voel soos moord. Daar is 'n lewende testament wat elkeen kan opstel. Dit is nie deel van die gewone testament nie en behoort op die eetkamertafel te lê. Almal moet daarvan weet en dit moet nie saam met die testament gebêre word nie.

7 Weet julle hoe belangrik is die oorspronklike sterftesertifikaat (daar is slegs een) en waar om dit te kry?

8 "Sarie, weet jy waar jul testament is en wat daarin staan?" Sy gaan waarskynlik antwoord dat dit Piet se afdeling is. Totdat Piet dood is, dan raak dit Sarie se afdeling.

9 "Wie is jul eksekuteur in die boedel? Weet julle wat om te doen, wat die eksekuteur gaan doen en hoe lank dit duur terwyl alles gevries word?"

10 Wie is as voog in jul testament vir minderjarige kinders benoem as albei ouers sou sterf? Is daar met die voogde daaroor gepraat en word daar aan hulle iets vererf om na die kinders te kyk?

11 "Sarie, gaan jy en die kinders aan met die boerdery en die besigheid? Piet was 'n kredietwaardige boer en sakeman. Is julle?"

12 Hoe gereeld sien julle 'n makelaar vir lewenspolisse, uittree-annuïteite en beleggings? Weet julle presies hoe sulke finansiële produkte werk, wat uitbetaal word en wanneer as een van julle iets oorkom? Weet julle wie begunstig is op elke polis, aan watter skuldeiser 'n sessie geteken is, en hoeveel, waar belê is?

13 Het julle vuurwapens en wie erf dit? Dit is belangrik dat meerderjariges dit erf en hulle moet lisensies gaan uitneem voordat hulle dit erf.

14 Het julle 'n laai, kabinet of spesifieke plek waar al die belangrike dokumente reeds geliasseer is? Weet julle wat om te liasseer, soos die ID's of minstens gewaarmerkte afskrifte van almal, lys van kodes vir rekenaars, bankrekenings, e-posse en selnommers, motor- en eiendomdokumente, polis- en aftreefondskontrakte, testamente, sakedokumente (soos CK 2's, aandeelhouersertifikate, MOI's, finansiële state, trustaktes en magtigingsbriewe), huweliksvoorwaardekontrakte, inkomstebelastingopgawes, egskeidingskikkings, munisipale rekenings, salarisstrokies, huurooreenkomste, skuldooreenkomste, TV-lisensies, korttermynpolisse, begrafnisondernemer en besonderhede van die mediese fonds.

15 Saamblyers behoort ingevolge die Wet op Burgerlike Verbintenisse met 'n kontrak te "trou". Dit verskaf talle voordele, soos boedelbelastingvrystelling, skenkingsbelastingvrystelling en intestate vererwing.

16 "Sarie, weet jy hoe Piet se onderneming werk en waar die risiko's is?" Almal se oë skuif na Piet wat verkeerdelik die alleen-eienaar is, want die bank gaan die onderneming se bankrekening vries as Piet sterf. Sarie moet minstens 1% mede-eienaar wees, sodat die bank nie die rekening vries nie. Die risiko's in die besigheid is onder meer skuld, lenings wat terugbetaal word en finansiering vir die oorkoop van belange.

17 Elke huis of plaas (eiendom) het sy nukke en grille wat gewoonlik net die eienaar ken. Dit behoort op skrif geplaas te word, sodat die ander kan aangaan as die eienaar oorlede is. Waar word die watertoevoer toegedraai, hoe word die elektrisiteit afgesit, hoe word die geiser en alarm gestel, hoe word die kragopwekker gebruik, hoe lank loop die boorgat ...

18 "Sarie, vertel my van jul trust. Wie is die oprigter, trustees en begunstigdes, wat besit die trust en is daar finansiële state?" Selfs Piet sit nou regop...

Indien almal in die gesin en familie weet hoe dinge in mekaar steek en die onvermydelike gebeur, is almal paraat en hoef niemand in sak en as te sit en onkundig te wees oor dit wat ons almal gaan tref nie. LBW

Mnr. Andrè Eloff (CFP®) is boedelbeplanner en konsultant by Business & Legal Consultants (lid van Fisa).

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.